



Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig

Sondag, 1 November 2026
“Allerheiligendag”

Die Lewende Woord trek en troos ons, maar bring óók ‘n taak: Eet, groei, spreek!

“Toe het ek die stem wat uit die hemel kom, weer met my hoor praat: ‘Gaan haal die oop boekrol in die hand van die engel wat op die see en op die land staan.’ ... En hy het vir my gesê: ‘Neem dit, en eet dit op. Dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond so soet soos heuning wees.’ Ek het die boekrolletjie uit die hand van die engel geneem, en dit opgeëet.

Toe sê hulle vir my: ‘Jy moet weer gaan profeteer teen baie volke, nasies, tale en konings.’”

(Openbaring 10:8-11)

Laasnag, vyfhonderd-en-nege jaar gelede op 31 Oktober 1517, so gaan die verhaal, het die Katolieke monnik en professor in teologie, Martin Luther, 95 stelling teen die groot kerkdeur van die Katedraal in Wittenberg vasgespyker. Dit was sy besorgdheid oor die welsyn van lidmate van sy gemeente wat hom daartoe beweeg het; Christene, groot en klein, geplaagd deur hul skuldgevoelens oor sondes groot en klein; in ‘n hoek gekeer deur die kerkleer oor verdienste en goeie werke; vasgevang in hul vrees vir die dood en Gods oordeel.

Dit was tweedens ook ‘n protes teen dié verering van gestorwe “heiliges” wat die volgende dag, 1 November, weer oral in Rooms-Katolieke Kerke sou gebeur. Geen mens is heilig, was Luther se mening; *simul justus et peccator* (ons is almal “tegelyk geregverdig en sondaar”); wees maar eerlik en vind jou troos daarom eerder in die genade van God en sy liefde.

Maar die **62ste stelling** van hierdie protes van Luther en wat daarmee die groot Reformasie van die Christelike Kerk ingelui het, was eintlik die hart van waaroor dit gegaan het:

“Der wahre Schatz der Kirche ist das allerheiligste Evangelium von der Herrlichkeit und Gnade Gottes.”

En dié proe soet in jou mond, maar bitter in jou maag. Dít hoor en beleef die ou apostel Johannes op die eiland Patmos wanneer weer en weer die stem agter hom en uit die hemel – van Christus (Openbaring 1:10), die Gees (4:2) en die engele (10:3) – na hom roep en die boekrol aangee; kyk, luister, skryf, profeteer! Ook die profeet Esegïel is destyds só aangesê: “Eet en gaan praat”, soet in die mond, maar sugte in die woorde (Eseg. 2:9-3:3). Die Woord van God **trek** mens maklik aan en **troos** jou, maar bring ook ‘n **taak**, ‘n verantwoordelikheid. Dit spreek (eers) jouself aan, ‘n heilige ongemak... om jou dán die krag en moed te gee om die waarheid te sê en reg te doen – oral en altyd, en ook hierdie Woensdag in ons land!

JL.

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal deur ds. Johan Marais en met begeleiding deur dr. Matildie Wium.

Welkom aan besoekers en aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Hierna volg die liturgie vir die diens; by die deure is daar ‘n Liedboek of Bybel beskikbaar – neem gerus een en deel in ons liturgie.

LITURGIE

Verwelkoming

Wydingslied: "Heilig, heilig heilig" (Lied 170, x2)

Aansteeek van wydingskers, en oomblik vir bewuswording en stilgebed

Votum: (Miga 6:6-8)

Seëngroet

Loflied: "God is ons toevlug en ons skut" (Psalm 46:1 en 3)

Gebed

Gebedslied: "Stuur nou u lig en u waarheid" (Lied 272, x 2)

Skriflesing: Openbaring 10:1-11

Woordbediening

Moment vir stilgebed, en gesamentlike voorbidding, toewyding en dank

Verootmoediging: "Heer, wees genadig" (Lied 243)

Genadeverkondiging

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Voorbidding: "Terwyl ons bid vir elke volk" (Lied 282)
(Beurtsang: vs 1a, 2m, 3v, 4m, 5v en 6a)

Offergawe van liefde en dank

Uitnodiging en uitsending

Slotlied: "O God van hoop" (Lied 588:1 en 3)

Seënbede en Amen

Orrelnaspel

Jy is welkom om te bly sit en na die orrelnaspel te luister, tyd vir 'n nagedagte en dank.

Ander Eredienste:

Sondag, 1 Nov.	16:00 – "Songs of Celebration" van St. Michael's School @ Berg-en-Dal.
Sondag, 8 Nov.	09:30 – Ds Janke Hurter; gesinsdiens in saal – ds. Jan Lubbe.
	15:00 – Sothodiens – Teol.std. Steve Popane
	18:00 – Gr. 7/Skoolverwisselingsdiens – ds. Jan Lubbe

Sien die GEBEDSBRIEF van Berg-en-Dal hierby ingesluit, vir jou binnekamer.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

- 01 Nov. Celesté Hutton, Stefan Jacobsz, Anmari Joubert, Madelein Kymdell en Brigitte Vorster.
- 02 Nov. Andrié Barnado, Christo de Wet, André Prinsloo, Trudie van Wyk en Nico Wilson.
- 03 Nov. Ruané le Roux en Jente Vorster.
- 04 Nov. Mia de Jager.
- 05 Nov. Krynauw Cilliers.
- 06 Nov. Lindi Botes, Lizanne Roos, Bea du Toit, JP Joubert en Salomé Wiggett.
- 07 Nov. Alna de Villiers, Cassie du Plessis, Peet Meyer en Magda van Wyk.

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Marie Dippenaar (Thompsonstr. 5b, wyk 14); Twanette Koekemoer (Genl. Conroystr. 44, wyk 9b) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink ook aan Yvonne du Toit wie se moeder verswak het; aan iedereen wat 'n siek of verswakte familielid ondersteun; mag jul die nodige krag ontvang, en die nabyheid van die Here beleef.

Ons moedig almal ook aan om te bid vir 'n vrye en regverdige verkiesing, Woensdag!

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

“Nuutgemaak! Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld” (uit die Lukas-evangelie):

Dinsdagdag (Let wel op die datumskui): 19:00 in die Konsistorie – ds. Jan Lubbe (082 784 9362).

Donderdagoggend: 09:00 in Konsistorie – ds. Johan Marais (084 517 8052)

KERKRAADSAKE

Dagbestuur:

Maandagaand, 2 November om 18:00

Spesiale Kerkraadsvergadering:

Sondag, 8 November om 09:00

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:

In Oktober sorg **Wyke 2, 3 en 4** (noordelike- en westelike hange van Grant's Hill, agter die kerk om) vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy hiermee wil help, kontak die kerkkantoor (073 180 3193).

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING

Nuus uit ons Boekwinkel: *Uit die Beek*-dagboek vir 2027 (Stephan Joubert) @ R 220.

Hierdie maand se *Kerkbode* is ook agter op die tafel in die kerk of by die Boekwinkel beskikbaar – kom, kry, lees, wees ingelig, gesels saam!

Seniorbediening: Alle lidmate 65+ word uitgenooi na ons afsluiting Woensdag, 11 November 2026 om 09:30 – kom dink saam terug, vier dankbaar en gaan die Adventtyd so saam binne. Gee asb. jou naam by die Kerkkantoor op (073 180 3193), ter wille van getal en ons regsit...

Vrouebediening: Ons benodig nog Wykskoördineerders vir 2027 – wil jy graag help? Kontak Germanie by 079 038 4038.

JEUGBEDIENING

Graad 7 Erediens – 8 November om 18:00

Alle Graad 7's en hul ouers, oupas en oumas, en maats word uitgenooi om hierdie spesiale erediens by te woon vir die voltooiing van jou Laerskooljare en die oorgang na iets nuuts...

Kategese: Ons Kategese vir 2026 sluit op Sondag, 15 November af; én, ons benodig ook entoesiastiese- en toegewyde kategete vir 2027 – kontak die leraars as jy wil kom help...

GETUIENISBEDIENING

Naaldwerkklas:

Vanjaar se Naaldwerkklasse vir Huishulpe sluit op Dinsdagmiddag, 24 November om 14:00 af; enigene wat dit wil bywoon, is hartlik welkom. Kontak Marina Hegter by ☎ 083 740 3481 vir meer inligting.

Kersliedere by Preller Walk:

Kom sing saam Kersliedere met die feestelike klanke van 'n trompet by Pick n Pay Preller Walk op Woensdag 25 November 2026 – dr Andries Hoffman lei dit en sal nog meer inligting deurgee.

Gladstoneweg Jeugsorgsentrum: Skoolklere vir 2027 benodig!

Dogtertjies in Gladstoneweg het skoolklere vir 2027 nodig – Laerskool Bloemfontein (± Gr. 4 en 6) en Brebner Primary School (Graad 7). Kontak Joanita Rossouw vir meer inligting (by 082 326 8966).

DIENSVERHOUDINGE & EIENDOMME

Berg-en-Dal benodig 'n nuwe koster vir diens op Sondag en Woensdae – meer besonderhede is by die Kerkkantoor beskikbaar (073 180 3193). Aansoeke sluit môre, Maandag, 2 November om 12:00. Stuur CV na kantoor@bergendalkerk.co.za. Dienaanvaarding: 1 Desember 2026.

EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir daardie Sondag – vanoggend, 1 November: **Kerklike Teologiese**

Opleiding. U kan 'n dankoffer via eft of SnapScan na Berg-en-Dal oorbetal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**

SnapScan



Baie dankie aan Jaco Albertse (Albertse Staal) vir die herstel van Berg-en-Dal se naambord voor die kerk – ons waardeer dit!